

N.G. Gemeente Vaalpark

# Gebedsbulletin no 14

2 April 2023

## Was Jesus bang? (2)

**Christus se laaste paar uur**

**Johannes begin met: "…Jesus het reeds geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan" (Joh 13:1). Johannes gee dan vir ons 155 Bybelverse vol waarheid wat noodsaaklik is vir ons geloof. Tog weerspieël nie 'n enkele vers vrees, selfbejammering of die geringste soeke na simpatie nie. Jesus het geweet dat Sy roete deur Jerusalem, Getsemane en die ampswoning van die Romeinse goewerneur na Golgota sou lei – en Hy was vasberade om daardie pad met positiewe waardigheid te stap. Voordat Jesus na Getsemane vertrek het, waar Hy geweet het Hy gearresteer sou word, het Hy en Sy dissipels selfs 'n lofsang gesing (Matt 26:30).**

**Die Man van smarte**

**Selfs toe Hy ná die geseling en wreede aanranding van die soldate bebloed en onherkenbaar onder die gewig van die kruis gestruikel het omdat dit te swaar vir Hom was, het Hy steeds niks gesê nie. Die "vroue van Jerusalem" – nie sy volgelinge nie, maar vroue wat ontroer is deur die aanskoue van hierdie glorieryke Man wat op pad is na 'n wrede dood – het oor Hom gehuil en getreur. Hy het egter gesê: "Moenie oor My huil nie, huil oor julleself en julle kinders…" (Luk 23:28). Jesus was die "Man van smarte" omdat Hy geweet het Jerusalem sou vernietig word in 'n verdrukking groter as wat ooit tevore gebeur het. Jesus het vir die stad geween, nie vir Homself nie – net soos Jeremia eeue tevore ook nie vir homself geween het nie, maar oor Jerusalem.**

**Kritici**

**Hulle kyk na Getsemane waar Jesus gebid het: "Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg." Uiteraard sou Jesus weet wat daardie verskriklike einde inhou en sy menslike aard sou daarteen opsien. Het Hy egter werklik Sy dood aan die kruis bedoel toe Hy die Vader vra om die beker van Hom af weg te neem? Hy het uit heerlikheid neergedaal en mens geword om die mensdom deur Sy liggaamlike offer te red. Sou Hy regtig dan wou hê dat God se wil nou moet verander, noudat Hy op aarde is en die tyd aangebreek het dat God se plan in vervulling moet gaan?**

**Wat sê die Bybel?**

**Jesus se eie woorde (Joh 12:27-33): "Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur. Vader, verheerlik u Naam!" Hy verklaar vir ons wat daardie uur is in Sy volgende stelling. "En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek." Jesus het gepraat oor die verheerliking van die Vader en dat daardie verheerliking Sy triomf aan die kruis was!**

**Dankie!**

- **Dat Jesus die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak het!**
- **Vir ons verlossing, bevryding en genesing in en deur Jesus Christus!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en studente – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom krisis..
- Vir die Paastydperk wat voorlê! Vir nadenke oor dit wat Chrisus vir ons kom doen het aan die Kruis..die omvangrykheid van die Sentraliteit vd Kruis.

**Gebedsversoeke**

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Cedric Wiegand |
| • Maria Steyn | Ria Putter |
| • Oom Sampie Swart | Jeanette Mostert |
| • Jaco Steenkamp | Louis Strauss |
| • Tannie Marinda Jordaan | Heleen J van Vuuren |
| • Ina van der Merwe | Stefaans du Plessis |
| • Annika Killian | Petro Schneider |
| • Oom Eberhard Carshagen | |

## Gedagte vir die week

**God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.**

Gebedsversoeke:
Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org